

# Krugerpark se plante onder die DNS-loep

## ■ Al wildduin se flora versamel

Fanie van Rooyen

'N Klein groepie wetenskaplikes van die Universiteit van Johannesburg (UJ) het begin om al die plantspesies van die Krugerwildtuin te versamel om dié unieke flora met behulp van DNS-kodering te bestudeer.

DNS-kodering het 'n gewilde hulpmiddel geword om organismes mee te bestudeer.

In plante word dit veral gebruik om plantverhoudings te bestudeer om die geskiedenis van spesiediversifikasie te bepaal of om die "geslagsregister" van groepe organismes te bepaal.

In 2004 het die Konsortium vir die Strepieskode van die Lewe 'n inisiatief van stapel gestuur om DNS-strepieskodering te bevorder – 'n proses wat dit moontlik maak om op

'n vinnige, goedkoop manier die sowat 10 miljoen spesies op aarde te identifiseer.

Dié tegniek is reeds suksesvol toegepas op diere. In plante duur die soektog egter voort om die kort DNS-stukkies te vind wat as 'n "strepieskode" vir dié soort kartering in plante kan dien.

Wetenskaplikes van 11 instellings wêreldwyd soek tans na die ontwykende geen wat hulle sal toelaat om al 300 000 plantspesies op aarde te kodeer.

As deel van dié wêreldwye poging het dr. Michelle van der Bank van die UJ se departement plantkunde en biotegnologie en haar span – mnr. Vincent Savolainen van die Royal Botanical Gardens in Kew, Londen, en drie nagraadse studente, Olivier Maurin, Renaud Lahaye en Sylvie du Toit – sedert September 2005 plante in die wildduin begin versamel.

Hulle het reeds 1 600 plantspesies versamel wat die volledigste en uiteenlopendste inventaris van dié park se flora tot nog toe verteenwoordig.

Alle plantmonsters word teruggeneem na die UJ om ontleed, gekategoriseer en gestoor te word. DNS-duplikate word dan aan die Krugerwildtuin en ander instellings soos die Kirstenbosch- botaniese tuin gestuur.

Daar word beoog om dié data ook op die Konsortium vir die Strepieskode van die Lewe se webtuiste beskikbaar te stel waar ander wetenskaplikes daarna kan kyk.

"Ons hoop om die span te wees wat die genetiese strepieskode vir plante ontdek. Só 'n ontdekking sal plantkundiges toelaat om deurslaggewende identifisering van spesies te kan doen met behulp van die strepieskodering-metode," het Van der Bank gesê.